Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Moya Combrink**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 20/2/1/1
Verwysing: 20230707-6327

Assesseringsbestuursminuut: 0010/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2023: Prosedures en riglyne vir die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) wil graag u aandag vestig op die prosedures wat gevolg moet word tydens die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste.

2. Die finale eksamenvraestelle vir die praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste in 2023 (Ontwerp Vraestel 2 en Visuele Kunste Vraestel 2) sal uit die volgende twee afdelings bestaan:
   - Afdeling A: Bronboek of Werkboek
   - Afdeling B: Die Kunswerk of Produk

3. Skole en kunssentrums moet seker maak dat alle kandidate wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, die vraestelle ontvang. Dit sal kandidate toelaat om die inligting in Afdeling A van die vraestel te vind. By ontvangs van die vraestel moet kandidate 'n register teken.

4. Gedurende Kwartaal 3, moet kandidate voldoende navorsing doen en alle toepaslike materiaal vir Afdeling A van die eksamenvraestel versamel. Afdeling A kan óf tydens onderrigtyd óf na-ure afgeneem word.

5. Afdeling A van die praktiese eksamen moet voor die aanvang van Afdeling B van die praktiese eksamen voltooi word.

6. Afdeling B moet teen **Vrydag, 20 Oktober 2023** afgehandel wees.

7. Afdeling B van die praktiese eksamen moet onder eksamentoestande in die eksamenlokaal en gedurende gewone onderrigtyd voltooi word, en nie na-ure of oor naweke nie. Daar word voorgestel dat bloksessies van vier tot ses uur oor 'n aantal dae gereël word totdat alle kandidate hul kunswerk of produk voltooi het, of die toegekende 24 uur verstryk het. Interne reëlings moet by elke skool of kunssentrum getref word om die tegniese aktiwiteite te akkommodeer wat die spesifieke kunsdissipline, byvoorbeeld keramiek, mag vereis.

8. Die onderwyser vir Ontwerp en/of Visuele Kunste **en** 'n toesighouer **moet** streng toesig uitoefen tydens die afneem van die eksamen.

9. Kandidate **mag nie** alleen gelaat word terwyl hulle aan Afdeling B werk nie, en **word ook nie** toegelaat om onvoltooide kunswerke of produkte huis toe te neem **nie**. Alle onvoltooide kunswerke of praktiese projekte moet tot die volgende sessie op die rooster by die skool gehou word.

10. Alle skole en sentrums wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, word versoek om hulle roosters vir die afneem van Afdeling B voor of op **Dinsdag, 15 Augustus 2023** by die Senior Kurrikulumbeplanner vir Ontwerp en Visuele Kunste in te dien deur 'n e-pos aan Ellene.Louw@westerncape.gov.za te stuur. Die Senior Kurrikulumbeplanner moet die roosters vir moniteringsdoeleindes konsolideer.

11. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die DBO sal die afneem van hierdie praktiese eksamens monitor. Die rooster vir die monitering van hierdie praktiese eksamens, gebaseer op die roosters wat deur die skole en sentrums ingedien is, sal ook aan die DBO en Umalusi voorgelê word.

12. Die WKOD sal datums vir nasien en moderering reël om seker te maak dat alle praktiese werk teen **Maandag, 13 November 2023** nagesien en gemodereer is.

13. Enige verdere navrae oor die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste kan per e-pos aan me. Ellené Louw gerig word by Ellene.Louw@westerncape.gov.za.

14. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-07-25